

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
 VAN SUIDWES-AFRIKA.
OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Vrydag, 28 Januarie 1955.

WINDHOEK

Friday, 28th January, 1955.

No. 1877.

Die volgende Ontwerpordonnansies, wat gedurende die volgende Sessie van die Wetgewende Vergadering voorgelê sal word, word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Draft Ordinances, which will be introduced during the next Session of the Legislative Assembly are published for general information.

J. NESER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

J. NESER,
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
 Windhoek.

Administrator's Office,
 Windhoek.

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
Huweliksaangeleenthede Ordonnansie, 1955 . . .	109	Matrimonial Affairs Ordinance, 1955 . . .	109
Wysigingsordonnansie op Hospitale en Liefdadigheidsinrigtings 1955	113	Hospitals and Charitable Institutions Amendment Ordinance, 1955	113
Wysigingsordonnansie op Grondbewaring 1955	114	Soil Conservation Amendment Ordinance, 1955	114
Dranklisensie-Wysigingsordonnansie 1955	115	Liquor Licensing Amendment Ordinance, 1955	115

ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die huweliksgoederereg, en van die regs-bepalings betreffende onderhoudebevele, die voogdy oor en bewaring van minderjariges en egskeidings.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Goewerneur-Generaal, dermate sodanige toestemming nodig is, voorafverkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepaling van artikel ses-en-twintig van die „Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, VERORDEN:—

1. (1) 'n Man het nie die reg om sonder die skriftelike toestemming van sy vrou —

- (a) onroerende goed wat die afsonderlike goed van die vrou is; of
- (b) gemeenskaplike onroerende goed —
 - (i) wat die vrou by die huwelik in die gemeenskap ingebring het; of
 - (ii) wat sy gedurende die huwelik deur erfopvolging of skenking verkry het; of
 - (iii) waarvoor met die vrou se verdienste gedurende die huwelik betaal is; en
 - (iv) ten opsigte waarvan 'n endorsement of aantekening kragtens sub-artikel (2) gemaak is,

te vervreem of met 'n verband of servituut te beswaar, of enige saaklike reg daarvoor te verleen nie.

(2) Indien die amptenaar aan die hoof van die registrasie-kantoor waarin die goed geregistreer is, oortuig is van die tersaaklike feite, endosseer hy, op skriftelike aansoek van die man of vrou, op die titelbewyse van die goed, of as die man weier om so 'n titelbewys wat in sy besit of onder sy beheer is, voor te lê, slegs op die registrasieduplikaat daarvan, en teken in die toepaslike registers aan, dat dit goed is ten opsigte waarvan paragraaf (b) van sub-artikel (1) van toepassing is.

(3) Indien 'n vrou weier om die by sub-artikel (1) vereiste toestemming te verleen, kan die man by 'n regter in kamers aansoek doen om 'n bevel tot vrystelling van bedoelede toestemming, en die regter kan die bevel toestaan as hy oortuig is dat die weiering om toe te stem onredelik is.

(4) 'n Vrou kan 'n aansoek kragtens sub-artikel (2), en enige aansoek by 'n regter in verband daarmee, sonder die bystand van haar man doen, en kan by verrigtings ingevolge sub-artikel (3), sonder sy bystand verskyn.

(5) Artikel sewentien van die Registrasie van Aktes Proklamasie 1939, word hiermee gewysig deur in sub-artikel (4), na die woord „handel”, die woorde „en behoudens die bepaling van sub-artikel (1) van artikel een van die Ordonnansie op Huweliksangeleenthede, 1955”, in te voeg.

DRAFT ORDINANCE

To amend the law relating to the property rights of spouses, to the guardianship and custody of minors and to divorce.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Governor General, insofar as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section twenty-six of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), of the Parliament of the Union of South Africa as follows:—

1. (1) No husband shall be entitled, without his wife's written consent, to alienate, mortgage, burden with a servitude or confer any real right in —

- (a) any immovable property which is the separate property of the wife; or
- (b) any immovable property held in community —
 - (i) which the wife has at the marriage brought into the community; or
 - (ii) which she acquired during the marriage by inheritance or gift; or
 - (iii) which has been paid for with the wife's earnings during the marriage; and
 - (iv) in respect of which an endorsement or note has been made under sub-section (2).

(2) The officer in charge of the deeds registry in which the property is registered shall, on the written application of the husband or wife, if he is satisfied as to the relevant facts, endorse upon the title deeds of the property, or if the husband refuses to produce any such title deed in his possession or under his control, upon the registry duplicate thereof only, and note in the appropriate registers, that it is property in respect of which paragraph (b) of sub-section (1) applies.

(3) If a wife withholds the consent required by sub-section (1), the husband may apply to a judge in chambers for an order dispensing with such consent, and the judge may grant such order if he is satisfied that the consent is unreasonably withheld.

(4) A wife may make an application under sub-section (2), and any application to a judge in connection therewith, and may appear in any proceedings under sub-section (3), without the assistance of her husband.

(5) Section seventeen of the Deeds Registries Proclamation, 1939 (Proclamation No. 37 of 1939), is hereby amended by the insertion in sub-section (4), after the word “therewith”, of the words “and subject to the provisions of sub-section (1) of section one of the Matrimonial Affairs Ordinance, 1955”.

2. (1) 'n Man het nie die reg om sonder die skriftelike toestemming van sy vrou —

- (a) besoldiging wat deur sy vrou se werkgever verskuldig is of van hom toeval vir diens wat sy verrig het, te ontvang nie, of sulke besoldiging wat sy ontvang het, in besit te neem nie; of
- (b) skadevergoeding wat aan die vrou toegeken is ten opsigte van persoonlike beserings deur haar opgedoen, te ontvang nie of sulke skadevergoeding wat sy ontvang het, in besit te neem nie; of
- (c) 'n deposito wat in die Postspaarbank van die Gebied of by 'n bouvereniging of in 'n spaarrekening by 'n bankinstelling op naam van sy vrou staan, te trek nie, of geld wat sy daaruit getrek het, in besit te neem nie; of
- (d) aandele wat sy vrou in 'n bouvereniging besit, te vervreem of te verpand nie, dividende op die opbrengs van sulke aandele, te ontvang nie, of sulke dividende of bedoelde opbrengs wat sy ontvang het, in besit te neem nie; of
- (e) 'n bedrag wat betaalbaar is luidens 'n versekeringspolis wat sy vrou uitgeneem het om vir die opvoeding of bevordering van 'n kind van haar voorsiening te maak en die premies waarvan sy betaal het, te ontvang nie, of so 'n bedrag wat sy ontvang het, in besit te neem nie, of op enige wyse met die rente ingeolge so 'n polis te handel nie; of
- (f) enige ambagsgereedskap of -werktuig waarmee sy vrou besoldiging verdien, te vervreem of te verpand nie.

(2) Indien 'n getroude vrou aandele in 'n bouvereniging besit, registreer die vereniging nie 'n oordrag van daardie aandele sonder haar skriftelike toestemming in behalwe ingeolge 'n verkoop in eksekusie van 'n vonnis van 'n bevoegde hof.

(3) (a) Op enige in sub-artikel (1) bedoelde besoldiging, vergoeding, deposito, aandel, dividend, opbrengs, bedrag, reg, gereedskap of werktuig, word geen beslag gelê nie of dit word nie in eksekusie verkoop nie, vir 'n skuld wat die man vir of in verband met die voorsiening van sterk drank aangegaan het.

(b) Op goed ten opsigte waarvan 'n bevel kragtens sub-artikel (4) van toepassing is, word geen beslag gelê nie of dit word nie in eksekusie verkoop nie, vir 'n skuld van die gesamentlike boedel behalwe vir enige skuld wat ten opsigte van benodighede vir die gesamentlike huishouding aangegaan is, of vir enige kostebevel wat teen die vrou uitgereik is en enige regproses wat sy ingeolge sub-artikel (6) ingestel het.

(4) (a) Indien 'n vrou *prima facie* bewys lewer dat haar man haar verlaat het en nie saam met haar woon nie en dat sy te eniger tyd gedurende die tydperk van verlating roerende goed verkry het of daarop geregtig geword het, dan het sy reg op 'n bevel van 'n regter of magistrat van 'n hof binne wie se regsgebied sy woon, waarby die goed (wat in die bevel so beskryf moet word dat dit uitgeken kan word) van haar man se beheer vrygestel word, en die man verbied word om op enige wyse met die goed te handel.

(b) 'n Regter of magistrat van so 'n hof kan, by bewys van voldoende redes, so 'n bevel intrek of wysig.

(c) 'n Vrou word by die toepassing van hierdie sub-artikel geag deur haar man verlaat te gewees het indien sy apart van hom woon omdat hy weier om saam met haar te woon of vanweë herhaaldelike aanrandings of ander wreedaardige dade of omdat hy 'n gewoonte-dronkkaard is of vanweë sy weiering of versuim om sonder voldoende redes haar of sy kinders van lewensbenodighede te voorsien terwyl hy in staat is om dit te doen of vanweë sy aanhouding in enige gevangenis, tronk of ander inrigting.

2. (1) No husband shall be entitled, without his wife's written consent —

- (a) to receive any remuneration due or accruing from his wife's employer for services rendered by her, or to take possession of any such remuneration received by her; or
- (b) to receive any compensation awarded to the wife in respect of personal injuries sustained by her or to take possession of any such compensation received by her; or
- (c) to withdraw any deposit standing in the name of his wife in the Post Office Savings Bank of the Territory or in a building society or in a savings account in a banking institution, or to take possession of any moneys withdrawn by her therefrom; or
- (d) to alienate or pledge any shares held by his wife in a building society, to receive any dividends on or the proceeds of such shares or to take possession of any such dividends or proceeds received by her; or
- (e) to receive any amount payable in terms of any insurance policy taken out by his wife for the purpose of providing for the education or advancement of her child, the premiums of which have been paid by her, or to take possession of any such amount received by her, or to deal in any manner with any rights under any such policy; or
- (f) to alienate or pledge any tool or implement of trade with which his wife is earning any remuneration.

(2) If any shares in a building society are held by a married woman, the society shall not register any transfer of those shares without her written consent, except in pursuance of a sale in execution of a judgment of a competent court.

(3) (a) No remuneration, compensation, deposit, share, dividend, proceeds, amount, right, tool or implement referred to in sub-section (1), shall be attached or sold in execution for any liability incurred by the husband for or in connection with the supply of intoxicating liquor.

(b) No property in respect of which an order under sub-section (4) is in operation, shall be attached or sold in execution for any liability of the joint estate except for any liability incurred in respect of necessities for the joint household or for any order of costs awarded against the wife in any legal proceedings instituted by her in terms of sub-section (6).

(4) (a) A wife shall, on *prima facie* proof that her husband has deserted her and is not residing with her, and that she has at any time during the period of the desertion acquired or become entitled to any movable property, be entitled to an order of a judge or magistrate of a court within whose area of jurisdiction she resides, declaring the property (which shall be described in the order in such manner as shall be identifiable) to be free from the control of her husband, and prohibiting the husband from dealing in any manner with the property.

(b) Any judge or magistrate of such court may, on good cause shown, rescind or vary any such order.

(c) A wife shall for the purposes of this sub-section be deemed to have been deserted by her husband if she is living apart from her husband because of his refusal to reside with her or because of repeated assaults or other acts of cruelty or because he is an habitual drunkard or because of his refusal or neglect without sufficient cause to supply her or his children with the necessities of life when able so to do or because of his detention in any prison, gaol or other institution.

(5) 'n Getroude vrou, hetsy al dan nie onder die maritale mag, kan geld op 'n spaarrekening in deposito plaas by 'n bankinstelling soos omskryf in artikel een van die Bankproklamasie 1930 (Proklamasie No. 29 van 1930), en kan sonder bystand alle nodige dokumente en ontvangsbewyse verly en gee en al die voorregte geniet en onderhewig wees aan al die verpligtings van depositogewers op 'n spaarrekening by 'n bankinstelling.

(6) Elke vrou het die reg om sonder bystand van haar man —

- besidding wat haar werkgever haar skuld vir diens wat sy verrig het, te ontvang daarvoor te dagvaar;
- enige in paragraaf (b), (c) of (d) van sub-artikel (1) bedoelde vergoeding, deposito, dividend of opbrengs te ontvang of daarvoor te dagvaar.
- 'n versekeringspolis uit te neem om vir die opvoeding of bevordering van 'n kind van haar voorsiening te maak, en enige bedrag wat luidens so 'n polis betaalbaar is, te ontvang of daarvoor te dagvaar; en
- 'n resprodes in te stel in verband met 'n in sub-artikel (1) bedoelde aandeel, polis, gereedskap of werktuig wat sonder haar toestemming vervreem of verpand is of 'n reg uit hoofde daarvan waarmee sonder haar toestemming gehandel is, of in verband met 'n beslaglegging of verkoop in stryd met sub-artikel (3), of om 'n bevel kragtens sub-artikel (4) te verkry, of om haarself te beskerm teen enige optrede van haar man wat luidens sub-artikel (1) onwettig of met 'n bevel kragtens sub-artikel (4) in stryd is of sou wees.

3. 'n Man en vrou buite gemaenskap van goet dieroud, is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir alle skulde wat deur die een of ander eggenoot ten opsigte van benodigdhede vir die gesamentlike huishouding aangegaan is: Met dien verstande dat indien die vrou so 'n skuld of gedeelte daarvan betaal, sy 'n deur verhaal het op die man vir die volle bedrag wat sy betaal het.

4. (1) Die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika of 'n regter daarvan kan —

- op aansoek van een van beide ouers van 'n minderjarige in 'n proses vir egskeiding of geregte skieding waarin 'n egskeidingsbevel of 'n geregte skiedingsbevel toegestaan word; of
- op aansoek van een van beide ouers van 'n minderjarige wie se ouers geskei is of apart woon,

indien dit bewys word dat dit in belang van die minderjarige sou wees om dit te doen, aan een van beide ouers die uitsluitlike voogdy oor die minderjarige (waarby inbegrepe is die bevoegdheid om tot 'n huwelik toe te stem) of die uitsluitlike bewaring van die minderjarige toeken, of bevel dat by vooroorlye van die ouer in die bevel genoem, 'n ander persoon dan die langlewende met of sonder uitsluiting van die langlewende, die voog van die minderjarige sal wees.

(2) 'n Bevel kragtens sub-artikel (1) waarby die uitsluitlike voogdy oor of bewaring van 'n minderjarige wie se ouers apart woon, aan 'n ouer toegeken is, vervul indien die ouers met mekaar versoek raak en weer as man en vrou saam woon, met ingang van die datum waarop die ouers weer begin saam woon.

(3) Behoudens 'n bevel van die hof —

- kan 'n ouer aan wie die uitsluitlike voogdy oor of bewaring van 'n minderjarige kragtens sub-artikel (1) toegeken is, enigiemand by testamentêre beskikking benoem tot enigste voog of tot reghebbende op die uitsluitlike bewaring van die minderjarige, na gelang van die geval; en
- het die vader van 'n minderjarige aan wie die uitsluitlike voogdy oor die minderjarige nie kragtens sub-artikel (1) toegeken is nie, nie die reg om by testamentêre beskikking iemand as voog van die minderjarige te benoem nie, op 'n ander wyse dan om saam met die moeder op te tree.

(5) A married woman, whether under the marital power or not, may be a depositor in a savings account in a banking institution as defined in section one of the Banks Proclamation, 1930 (Proclamation No. 29 of 1930), and may without assistance execute all necessary documents, give all necessary acquittances and enjoy all the privileges and be liable to all the obligations attaching to depositors in a savings account in a banking institution.

(6) Every wife shall be entitled, without the assistance of her husband —

- to receive or sue for remuneration due from her employer for services rendered by her;
- to receive or sue for any compensation, deposit, dividend or proceeds referred to in paragraph (b), (c) or (d) of sub-section (1);
- to take out an insurance policy for the purpose of providing for the education or advancement of her child, and to receive or sue for any amount payable in terms of any such policy; and
- to institute legal proceedings in connection with any share, policy, tool or implement referred to in sub-section (1) which has been alienated or pledged or any right thereunder which has been dealt with without her consent, or in connection with any attachment or sale in contravention of sub-section (3), or for the purpose of obtaining an order under sub-section (4), or to protect herself against any act by her husband which is or would be unlawful in terms of sub-section (1), or in conflict with an order under sub-section (4).

3. A husband and wife married out of community of property shall be liable jointly and severally for all debts incurred by either spouse in respect of necessities for the joint household: Provided that if the wife pays any such debt or part thereof, she shall have a right of recourse against the husband for the full amount paid by her.

4. (1) The High Court of South West Africa or any judge thereof may —

- on the application of either parent of a minor in proceedings for divorce or judicial separation in which an order for divorce or judicial separation is granted; or
- on the application of either parent of a minor whose parents are divorced or are living apart,

if it is proved that it would be in the interests of the minor to do so, grant to either parent the sole guardianship (which shall include the power to consent to a marriage) or sole custody of the minor, or order that on the predecease of the parent named in the order, a person other than the survivor shall be the guardian of the minor, to the exclusion of the survivor or otherwise.

(2) An order under sub-section (1) granting the sole guardianship or custody of a minor whose parents are living apart to a parent shall, if the parents become reconciled and live together again as husband and wife, lapse with effect from the date on which the parents commence to live together again.

(3) Subject to any order of court —

- a parent to whom the sole guardianship or custody of a minor has been granted under sub-section (1), may by testamentary disposition appoint any person to be the sole guardian or to be vested with the sole custody of the minor, as the case may be; and
- the father of a minor to whom the sole guardianship of the minor has not been granted under sub-section (1), shall not be entitled by testamentary disposition to appoint any person as the guardian of the minor in any other manner than to act jointly with the mother.

(4) Indien die moeder van 'n minderjarige nie toestem tot die huwelik van die minderjarige nie, is die toestemming van die vader (onverskillig of die uitsluitlike bewaaring van die minderjarige in enige proses aan hom toegeken is), nie voldoende nie, tensy die uitsluitlike voogdy oor die minderjarige aan hom toegeken is.

(5) Die hof of 'n regter kan —

(a) indien 'n ouer 'n voog of reghebbende op bewaaring soos by paragraaf (a) van sub-artikel (3) bepaal, benoem het; of

(b) indien 'n voog van 'n minderjarige deur die vader benoem is om saam met die moeder op te tree,

op aansoek van die ander ouer, of van die voog of moeder, na gelang van die geval, gedoen na die dood van die testateur, die bevel gee met betrekking tot die voogdy oor of die bewaaring van die minderjarige, wat hy in belang van die minderjarige ag.

(6) Indien 'n bevel uitgereik kragtens sub-artikel (1), whereby die uitsluitlike voogdy oor of bewaaring van 'n minderjarige aan 'n ouer toegeken is, verval of ingetrek word of op so 'n wyse gewysig word dat die ouer nie meer die enigste voog of die reghebbende op die uitsluitlike bewaaring van die minderjarige is nie, verval 'n beskikking wat kragtens paragraaf (a) van sub-artikel (3) gemaak is,

(7) 'n Vrou kan 'n in hierdie artikel bedoelde aansoek, en enige aansoek by 'n hof in verband daarmee, sonder bystand van haar man doen.

5. (1) Die hof wat 'n ekskeiding toestaan kan, ondanks die ontbinding van die huwelik —

(a) die bevel teen die skuldige eggenoot gee vir die onderhoud van die onskuldige eggenoot, vir enige tydperk tot die dood of hertrouwe van die onskuldige eggenoot, na gelang die een of die ander eerste gebeur, wat die hof billik ag; of

(b) 'n ooreenkoms tussen die eggenote vir die onderhoud van een van hulle, 'n bevel van die hof maak,

en enige bevoegde hof kan, by bewys van voldoende rede (wat 'n ander rede dan die geldelike vermoë van die een of ander van die onderskeie eggenote kan wees) so 'n bevel intrek, opskort of wysig.

(2) Enige bevoegde hof kan te eniger tyd op aansoek van die een of ander party by 'n ooreenkoms wat voor die datum van die inwerkingtrede van hierdie Ordonnansie vir die onderhoud van een van hulle tussen eggenote wat geskei is, aangegaan is, so 'n ooreenkoms 'n bevel van die hof maak, en enige bevoegde hof kan by bewys van voldoende rede (wat 'n ander rede dan die geldelike vermoë van die een of ander van die onderskeie eggenote kan wees) so 'n bevel, of 'n bevel wat voor die datum van die inwerkingtrede van hierdie Ordonnansie uitgereik is, en whereby 'n ooreenkoms tussen eggenote wat geskei is, vir die onderhoud van een van hulle, 'n bevel van die hof gemaak is, intrek, opskort of wysig.

6. Hierdie Ordonnansie heet die Huweliksangeleenthede Ordonnansie, 1955.

(4) If the mother of a minor does not consent to the marriage of the minor, the consent of the father (whether or not he has in any proceedings been granted the sole custody of the minor), shall not be sufficient, unless he has been granted the sole guardianship of the minor.

(5) The court or a judge may —

(a) where a parent has appointed a guardian or custodian as provided in paragraph (a) of sub-section (3); or

(b) where a guardian has been appointed to a minor by the father, to act jointly with the mother,

upon the application of the other parent, or of the guardian or mother, as the case may be, made after the death of the testator, make such order in regard to the guardianship or custody of the minor as the court or judge may deem in the interests of the minor.

(6) If an order under sub-section (1) granting the sole guardianship or custody of a minor to a parent, lapses or is rescinded or is varied in such a manner that the parent is no longer the sole guardian or vested with the sole custody of the minor, any disposition made under paragraph (a) of sub-section (3) shall lapse.

(7) A wife may make any application referred to in this section, and any application to a court in connection therewith, without the assistance of her husband.

5. (1) The court granting a divorce may, notwithstanding the dissolution of the marriage —

(a) make such order against the guilty spouse for the maintenance of the innocent spouse for any period until death or until the remarriage of the innocent spouse, whichever event may first occur, as the court may deem just; or

(b) make any agreement between the spouse for the maintenance of one of them, an order of court,

and any court of competent jurisdiction may, on good cause shown (which may be a cause other than the financial means of either of the respective spouses) rescind, suspend or vary any such order.

(2) Any court of competent jurisdiction may at any time upon the application of either party to an agreement for the maintenance of one of them entered into prior to the date of commencement of this Ordinance between spouses who have been divorced, make such an agreement an order of court, and any court of competent jurisdiction may on good cause shown (which may be a cause other than the financial means of either of the respective spouses) rescind, suspend or vary any such order, or any order made prior to the date of commencement of this Ordinance by which an agreement between spouses who have been divorced, for the maintenance of one of them, was made an order of court.

6. This Ordinance shall be called the Matrimonial Affairs Ordinance, 1955.

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op hospitale en liefdadighedsinstigings.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel een van die Ordonnansie op Hospitale en Liefdadighedsinstigings 1930 (Ordonnansie 16 van 1930) soos gewysig (hierna heet dit die hoofordonnansie) word hierby gewysig —

- (a) deur die woordbepaling „verpleegster” te vervang deur die onderstaande woordbepaling —

„beteken „verpleegster” iemand (hetsy geregistreer as verpleegster ingevolge die bepalings van die Wet op Verpleegsters 1944 (Wet 45 van 1944), soos gewysig, van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, en soos op die Gebied toegepas by die Wysigingswet op Verpleegsters 1946 (Wet 12 van 1946) van die genoemde Parlement, al dan nie) wat verplegingswerk doen en wat nie ’n suster is nie.”

- (b) deur die woordbepaling „suster” te vervang deur die onderstaande woordbepaling:—

„beteken „suster” iemand wat as verpleegster geregistreer is ingevolge die bepalings van die Wet op Verpleegsters 1944 (Wet 45 van 1944), soos gewysig, van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, soos op die Gebied toegepas by die Wysigingswet op Verpleegsters 1946 (Wet 12 van 1946) van die genoemde Parlement, en wat aan die hoof van ’n saal of sale van ’n spesiale afdeling van ’n instigting aangestel is.”

2. Artikel sewe van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van sub-artikel (5) deur die onderstaande sub-artikel:—

- „(5) (a) Wanneer hydraers in ’n bepaalde jaar te min fondse bygedra het om hulle aanspraak te gee op die verkiesing van die lid of lede wat hulle ingevolge sub-artikel (3) van die naasvoorgaande artikel sou kan verkies het, stel die Administrateur een so ’n lid aan en die raad of rade van die munisipaliteit of munisipaliteite in die betrokke wyk die ander, as in daardie bepaalde jaar albei sodanige lede ingevolge die vermelde sub-artikel (3) verkies moet word, of as daar in daardie bepaalde jaar net een so ’n lid verkies moet word, stel die Administrateur of die vermelde raad of rade so ’n lid aan, al na gelang van die wyse waarop so ’n lid oorspronklik aangestel is; Met dien verstande dat waar daar geen munisipaliteit in die betrokke wyk is nie, die Administrateur so ’n lid of lede aanstel.
- (b) Elke lid wat ingevolge hierdie sub-artikel aangestel word, bekleed sy amp tot op die dag van die eerstvolgende algemene vergadering van hydraers.”

3. Artikel vier-en-twintig van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur sub-artikel (5) deur die onderstaande sub-artikel te vervang:—

- (5) Die raad betaal uit sy inkomste —
- (a) salarisse en ander besoldiging aan geneeskundige amptenare, matrones, susters, verpleegsters, mediese hulpkragte, bestuurders, sekretarisse of assistent-sekretarisse ooreenkomstig die skale wat die raad aanbeveel en wat die Administrateur goedkeur, en die Administrateur kan sodanige skale van tyd tot tyd na goedgeunkte verander of wysig; en,
- (b) na goedgeunkte, salarisse, lone of ander besoldiging aan alle ander werknemers”.

DRAFT ORDINANCE

To amend the law relating to Hospitals and Charitable Institutions.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section one of the Hospitals and Charitable Institutions Ordinance, 1930 (Ordinance No. 16 of 1930), as amended (hereinafter called the principal Ordinance), is hereby amended —

- (a) by the substitution for the definition of “Nurse” of the following definition:—

“Nurse” means any person, whether or not registered as a nurse under the provisions of the Nursing Act, 1944 (Act No. 45 of 1944), as amended, of the Parliament of the Union of South Africa, as applied to the Territory by the Nursing Amendment Act, 1946 (Act No. 12 of 1946) of the said Parliament, who carries out nursing duties and who is not a sister”;

- (b) by the substitution for the definition of “Sister” of the following definition:—

“Sister” means a person who is registered as a nurse under the provisions of the Nursing Act, 1944 (Act No. 45 of 1944), as amended, of the Parliament of the Union of South Africa as applied to the Territory by the Nursing Amendment Act, 1946 (Act No. 12 of 1946) of the said Parliament, and who is appointed to take charge of a ward or wards or of a special department of an institution.”

2. Section seven of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for sub-section (5) of the following sub-sections:—

- “(5) (a) Whenever insufficient funds have been contributed by contributors during any particular year to entitle them to elect such member or members as in terms of sub-section (3) of the last preceding section they are entitled to elect, the Administrator shall appoint one such member and the council or councils of the municipality or municipalities in the area concerned shall appoint the other such member, if in that particular year both such members had to be elected in terms of the said sub-section (3), or if in that particular year only one such member had to be so elected then only one such member shall be appointed by the Administrator or the said council or councils, as the case may be, according to the original appointment of such member: Provided that when there is no municipality in the said area the Administrator shall appoint such member or members.
- (b) Any member appointed under this sub-section shall hold office only up to the date of the next ensuing general meeting of contributors.”

3. Section twenty-four of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for sub-section (5) of the following sub-section:—

- “(5) The board shall pay out of its revenues:—
- (a) to medical officers, matrons, sisters, nurses, medical attendants, managers, secretaries or assistant secretaries salaries and other remuneration in accordance with scales recommended by the board and approved by the Administrator, who shall have the power to alter or amend such scales from time to time as he may think fit; and
- (b) to all other employees, salaries, wages or other remuneration as the board thinks fit.”

4. Artikel vyf-en-twintig van die hoofordonnansie word

hierby gewysig —
 (a) deur in sub-artikel (1) daarvan die woorde „bestuurder of suster” oral waar dit voorkom, te vervang deur die woorde „suster, mediese hulpkrag, bestuurder, sekretaris of assistent-sekretaris”;
 (b) deur sub-artikel (2) daarvan te vervang deur die onderstaande sub-artikel:—

“(2) Die bepalings van hierdie artikel geld geen agerende of deelydse aanstelling in die plek van ’n geneeskundige amptenaar, matrone, suster, mediese hulpkrag, bestuurder, sekretaris of assistent-sekretaris wat verlof hou of bedank het onderwyl so ’n betrekking vakant bly nie.”

5. Artikel een-en-dertig van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur sub-artikel (1) daarvan deur die onderstaande sub-artikel te vervang:—

“(1) As daar in ’n bepaalde jaar ’n tekort voorkom, gelas die Administrateur, by oortuiging dat die raad redelike pogings aangewend het om vrywillige bydraes van die publiek in te samel en gelde van pasiënte in te vorder, en dat die raad met inagneming van die omstandighede van die betrokke wyk en die klas pasiënte aan wie die raad hoofsaaklik onderstand verleen, ’n redelike bedrag uit sodanige inkomstebronne ontvang het, na goeddunke die algehele of gedeeltelike aanvulling van so ’n tekort —

- (a) uit die Gebiedsinkomstefonds as daar geen munisipaliteit of munisipaliteite in so ’n wyk is nie; of
- (b) uit die Gebiedsinkomstefonds as hy bevind dat die munisipaliteit of munisipaliteite in so ’n wyk ’n redelike bydrae tot die fonds van die raad gedoen het; of
- (c) uit die Gebiedsinkomstefonds en uit die fondse van die munisipaliteit of munisipaliteite in so ’n wyk as hy bevind dat so ’n munisipaliteit of munisipaliteite nie ’n redelike bydrae tot die fondse van die raad gedoen het nie: Met dien verstande dat die Administrateur die betaling van hoogstens drie-vyftes van die tekort uit die Gebiedsinkomstefonds mag gelas, en hoogstens twee-vyftes uit die fondse van so ’n munisipaliteit of munisipaliteite: Met dien verstande voorts dat waar daar meer as een munisipaliteit in so ’n wyk is, die bedrag wat elke munisipaliteit gelas word om te betaal of waarvan hy vrygestel word as hy ’n redelike bydrae gedoen het, in verhouding met die waarde van sy belasbare eiendom moet wees.”

6. Artikel twee-en-veertig van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die invoeging van die sinsende „of vir die aankoop van nodige toerusting” na die woord „aard”.

7. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Hospitale en Liefdadigheidsinrigtings 1955.

4. Section twenty-five of the principal Ordinance is hereby amended —

- (a) by the substitution in sub-section (1) thereof for the expression “manager or sister”, wherever it occurs therein of the expression “sister, medical attendant, manager, secretary or assistant secretary”;
- (b) by the substitution for sub-section (2) thereof of the following sub-section:—

“(2) The provisions of this section shall not apply in the case of acting or part-time appointments when any medical officer, matron, sister, medical attendant, manager, secretary or assistant secretary is on leave or has resigned and pending the filling of the vacancy.”

5. Section thirty-one of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for sub-section (1) thereof of the following sub-section:—

“(1) If in any year there is a deficit the Administrator shall, if he is satisfied that the board has reasonably endeavoured to collect voluntary contributions from the public and to recover fees from patients, and that having regard to the circumstances of the area concerned and the class of patients mostly furnished with relief by the board, a reasonable amount has been received by the board from such sources of revenue, order the payment of such deficit in whole or in part as he may deem advisable —

- (a) out of the Territory Revenue Fund if there is no municipality or municipalities in such area; or
- (b) out of the Territory Revenue Fund if he is satisfied that the municipality or municipalities in such area has made a reasonable contribution to the funds of the board; or
- (c) out of the Territory Revenue Fund and out of the funds of the municipality or municipalities in such area if he is not satisfied that such municipality or municipalities has made a reasonable contribution to the funds of the board: Provided that the Administrator shall not order more than three-fifths of the deficit to be paid out of the Territory Revenue Fund, or more than two-fifths out of the funds of such municipality or municipalities and provided further that where there is more than one municipality in such area, the amount which each municipality is ordered to pay or is exempted from paying if it has made a reasonable contribution towards the funds of the board shall be in proportion to the value of its rateable property.”

6. Section forty-two of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion of the expression “or of purchasing essential equipment” after the word “nature”.

7. This Ordinance shall be called the Hospitals and Charitable Institutions Amendment Ordinance, 1955.

ONTWERPORDONNANSIE

DRAFT ORDINANCE

To amend the law relating to Soil Conservation.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Die Engelse teks van artikel een van die Wysigingsordonnansie op Grondbewaring 1954 (Ordonnansie 20 van 1954) word hierby vervang deur die onderstaande teks:—

“1. The Soil Conservation Ordinance, 1952, is hereby amended by the substitution of the words “Soil Conservation Board” for the words “Conservation Committee” and “Soil Conservation Committee” wherever they occur.”

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Grondbewaring 1955, en word beskous as in werking sedert 7 Julie 1954.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The English text of section one of the Soil Conversion Amendment Ordinance, 1954 (No. 20 of 1954) is hereby substituted by the following section:—

“1. The Soil Conservation Ordinance, 1952, is hereby amended by the substitution of the words “Soil Conservation Board” for the words “Conservation Committee” and “Soil Conservation Committee” wherever they occur.”

2. This Ordinance shall be called the Soil Conversion Amendment Ordinance, 1955, and shall be deemed to have come into operation from 7th July, 1954.

ONTWERPORDONNANSIE

Om die wet met betrekking tot die verkoop en beheer van bedwelmende drank te wysig.

Die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN soos volg:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken „die Hoofproklamasie” die „Drank Licentie Proklamatie, 1920” (Proklamasie No. 6 van 1920), soos van tyd tot tyd gewysig.

2. Die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur die invoeging, na artikel vyf-en-dertig bis daarvan, van die volgende nuwe artikel:—

„35 ter. (1) Indien 'n persoon kragtens sub-artikel (3) hiervan 'n magtiging wil verkry ten opsigte van 'n perseel wat binne die gebied van 'n munisipaliteit of dorpsbestuur geleë is en wat voorgeneem word om vir 'n drankwinkel gebruik te word, en waarop nog geen gebou opgerig is nie, of indien daar wel 'n gebou op is, waar sodanige gebou verander moet word, of daaraan aangebou moet word om dit vir 'n drankwinkel geskik te maak en waar sodanige gebou na oprigting, verander of aanbou, afgesien van die grond waarop dit staan, of sal staan, 'n waarde van eenduisend pond of meer het, of sal hê kan hy, voor af na die aanvang van sodanige oprigting, verandering of aanbou, by die magistraat van die distrik skriftelik aansoek doen om sodanige magtiging deur die lisensieshof. Sodanige aansoek moet op of voor die laaste dag van Januarie geding word, indien die saak op die jaarlikse vergadering van die lisensieshof oorweeg moet word, of op of voor die laaste dag van Julie indien die saak op die September-vergadering van die lisensieshof oorweeg moet word.

(2) Sodanige aansoek moet die volgende uiteensit:—

- die volle naam en adres van die applikant;
- die juiste ligging van die perseel wat voorgeneem word om aangebou of verander te word, of van grond waarop voorgeneem word om die gebou op te rig;
- 'n beskrywing van die perseel soos dit by voltooiing sal uitsien, vergesel van 'n plan, op skaal geteken waarop die afmetings en indeling van die binnestruktuur sowel as al die deure, vensters en binne- en buitedeurgange en die strate of plekke waarheen sodanige buitedeurgange lei, aangegee word;

en moet vergesel wees van 'n beëdigde verklaring waarin die besonderhede beskryf in paragrawe (b) en (f) van sub-artikel (2) van artikel vyf-en-dertig volgend uiteengesit word.

(3) Indien 'n hof by die oorweging van enige sodanige aansoek en van enige besware daarteen, oortuig is dat:—

- die perseel ten opsigte waarvan die aansoek geding is, by voltooiing, afgesien van die waarde van die grond waarop dit geleë is, 'n waarde van eenduisend pond of meer sal hê;
- met inagneming van die aantal bestaande lisensies en van enige ander feit, dit, indien die perseel op die datum van die oorweging van die aansoek was, hy bevoegd sou wees om 'n lisensie vir 'n drankwinkel op daardie perseel toe te staan;

DRAFT ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the sale and control of intoxicating liquor

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance “the principal Proclamation” means the Liquor Licensing Proclamation, 1920, as amended from time to time.

2. The principal Proclamation is hereby amended by the insertion of the following new section after section thirty-five bis thereof:

“35 ter. (1) Any person desiring to obtain an authority under sub-section (3) hereof in respect of premises situate within the area of a municipality or village management board and proposed to be used as a bottle store, which are not erected, or which if already erected require additions or alterations to make them suitable as a bottle store, and which when erected, altered or added to will, apart from the land on which they are built, or to be built, be of the value of one thousand pounds or upwards, may, before or after the commencement of such erection or of the making of such additions or alterations, make application in writing to the magistrate of the district for such authority to be granted by the licensing court on or before the last day of January, if the matter is to be heard at the annual licensing meeting, or on or before the last day of July if the matter is to be heard at the September meeting.

(2) Such application shall set forth —

- the full name and address of the applicant;
- the exact situation of the premises proposed to be added to or altered or of the land on which the premises are proposed to be built;
- a description of the premises as they will be when completed, which shall be accompanied by a plan drawn to scale clearly showing the dimensions and arrangements of the internal structure together with all doors, windows and means of external and internal communication and the streets or places to which such means of external communication will lead;

and shall be accompanied by an affidavit fully setting forth the particulars described in paragraphs (b) and (f) of sub-section (2) of section thirty-five.

(3) A court considering any such application and any objections thereto, if satisfied that —

- the premises in respect of which the application is made will, on completion, apart from the value of any land on which they are situated, be of the value of one thousand pounds or more;
- having regard to the number of existing licences and to any other fact, it would be competent, if the premises were completed at the date of the consideration of the application, to grant a licence for a bottle store to be conducted thereon;

- (c) dit die *bona fide* bedoeling van die applikant is om, indien die aansoek toegestaan word, die oprigting, aanbou of verandering van die gebou binne ses maande vanaf die datum van die goedkeuring van die aansoek of binne sodanige tydperk soos die hof mag bepaal, te voltooi;
- (d) die perseel, wanneer voltooi, in alle opsigte vir 'n drankwinkel geskik sal wees; en
- (e) dit in die algemeen wenslik is dat 'n bottellisensie ten opsigte van die perseel goedgekeur moet word;
- kan hy 'n voorwaardelike magtiging vir 'n bottellisensie aan die applikant ten opsigte van sodanige perseel uitreik.

(4) Indien die magistraat van die distrik waarin die perseel geleë is, op 'n magtiging kragtens sub-artikel (3) uitgereik, 'n sertifikaat onderskryf ten effekte dat die perseel waarna sodanige magtiging verwys, wesenlik ooreenkomstig die planne wat kragtens sub-artikel (2) aan die lisensiehof voorgelê is, voltooi is en dat dit na sy mening in 'n geskikte toestand vir gebruik as 'n drankwinkel is, moet die uitreiker van die lisensies aan wie die magtiging, aldus onderskryf voorgelê word, ten opsigte van sodanige perseel en aan die persoon aan wie die magtiging toegestaan is, 'n bottellisensie uitreik en hierdie lisensie is van krag tot die een-en-dertigste dag van Maart wat onmiddellik volg op die datum van uitreiking van die lisensie."

3. Sub-artikel (1) van artikel *ses-en-twintig* van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur die invoeging van die woorde „of vyf-en-dertig ter” na die woord „vyf-en-dertig bis.”

4. Paragraaf (g) van sub-artikel (1) van artikel *ses-en-twintig ter* van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur die vervanging van die kommapunt aan die slot van paragraaf (g) daarvan deur die woorde „of vyf-en-dertig ter;”

5. Artikel *ses-en-dertig* van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur die invoeging van die woorde „en vyf-en-dertig ter” na die woorde „vyf-en-dertig bis.”

6. Artikel *sewen-en-dertig* van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur die invoeging van die woorde „of vyf-en-dertig ter” na die woorde „vyf-en-dertig bis.”

7. Artikel *negen-en-dertig* van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur die vervanging van die punt aan die slot daarvan deur die woorde „of vyf-en-dertig ter.”

8. Sub-artikel (1) van artikel *vyf-en-sestig* van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur die invoeging van die woorde „of vyf-en-dertig ter.” na die woorde „vyf-en-dertig bis.”

9. Hierdie Ordonnansie heet die Dranklisensie-Wysigings-ordonnansie, 1955.

(c) it is *bona fide* the intention of the applicant, if the application is granted, to complete the erection, addition to or alteration of the premises within six months from the date of the grant of the application or such longer period as the court may determine;

(d) the premises when completed will be suitable in all respects as a bottle store; and

(e) generally it is desirable that a bottle licence should be granted in respect of the premises;

may issue to the applicant a conditional authority for a bottle licence in respect of such premises.

(4) If the magistrate of the district in which the premises are situated endorses upon an authority granted under sub-section (3) a certificate that the premises to which such authority refers have been completed substantially in accordance with the plans produced under sub-section (2) to the licensing court, and are, in his opinion, in a suitable condition for use as a bottle store, the issuer of licences to whom there is produced the authority so endorsed shall issue in respect of such premises to the person to whom the authority was granted a bottle licence which shall be of force and effect until the thirty-first day of March next succeeding the date of the issue of such licence.

3. Sub-section (1) of section *twenty-six* of the principal Proclamation is hereby amended by the insertion of the words “or *thirty-five ter*” after the words “*thirty-five bis*”.

4. Paragraph (g) of sub-section (1) of section *twenty-six ter* of the principal Proclamation is hereby amended by the substitution of the words “or *thirty-five ter*;” for the semicolon at the end of paragraph (g) thereof.

5. Section *thirty-six* of the principal Proclamation is hereby amended by the insertion of the words “and *thirty-five ter*”, after the words “*thirty-five bis*”.

6. Section *thirty-seven* of the principal Proclamation is hereby amended by the insertion of the words “or *thirty-five ter*” after the words “*thirty-five bis*”.

7. Section *thirty-nine* of the principal Proclamation is hereby amended by the substitution of the words “or *thirty-five ter*”, for the fullstop at the end thereof.

8. Sub-section (1) of section *sixty-five* of the principal Proclamation is hereby amended by the insertion of the words “or *thirty-five ter*,” after the words “*thirty-five bis*”.

9. This Ordinance shall be called the Liquor Licensing Amendment Ordinance, 1955.